

# FOUSA 30



14th ANNUAL FOUR OUTSTANDING  
YOUNG SOUTH AFRICANS AWARD

14de JAARLIKSE TOEKENNING AAN  
VIER BESONDERE JONG SUID-AFRIKANERS

## THE AWARD

In September, at a Johannesburg hotel, Jaycee South Africa will again honour four South Africans by presenting to them their Four Outstanding Young South Africans of the Year award.

Jaycee attempts to give recognition and encouragement by making this award to those persons who demonstrate the qualities which help make the world better to live in.

Because of the wide field from which the most outstanding younger citizens of South Africa can be chosen, no set standards for the award can be laid down. To do so would limit the areas of human endeavour in which outstanding characters could be recognised.

The award is a recognition of excellence. But it is not excellence limited to a period of time, nor to a single endeavour. The most important quality in the persons who win this award is that their lives show that the success they have had in their chosen fields has been the result of planned application, steady improvement, and continuing results. In demonstrating this quality these outstanding individuals in time will have surpassed all other. Their records will show them to have been constant in their striving, and determined to continue whatever the setbacks.

The contribution of these outstanding young South Africans to the country and the community in which they live will be the other important factor.

Only achievement which fits into the steady progress of society, can truly be considered to be outstanding. Greatness is born of striving.

The late Herman Wald, who designed the award, captured the spirit of this striving for betterment. He described his work thus:

"The entwined figures of a man and a woman reaching upwards, in a striving towards greater achievement."

Also embodied in the award is the last line of the Jaycee Creed:

"EARTH'S GREATEST TREASURE LIES IN HUMAN PERSONALITY"



ORGANISED BY/  
GEORGANISEERD DEUR  
JOHANNESBURG JAYCEES

## DIE TOEKENNING

Jaycee Suid-Afrika sal weereens in September by 'n Johannesburgse hotel vier Suid-Afrikaners vereer deur die aanbieding van die toekenning "Vier Besondere Jong Suid-Afrikaners van die Jaar."

Jaycee poog om deur middel van hierdie toekenning erkenning en aanmoediging te verleen aan daardie persone wat help om die wêreld 'n meer leefbare plek te maak.

As gevolg van die wye veld waaruit die uitblinkers onder die jonger burgers van Suid-Afrika gekies kan word, kan geen spesifieke vereistes vir die toekenning neergelê word nie. Sodanige vereistes sal 'n beperking lê op die terreine van menslike strewe waardeur voortreflike persoonlikhede herken kan word.

Die toekenning is 'n erkenning van uitnemendheid, maar dit is nie uitnemendheid wat beperk word tot 'n tydsvak of 'n enkele prestasie nie. Die vernaamste hoedanigheid in die persone wat hierdie toekenning wen is dat hul lewens toon dat die welslae wat hulle in hul gekose sfere behaal het die gevolg is van beplande toewyding, bestendige verbetering, en deurlopende resultate. Hierdie uitblinkers lê einskappe aan die dag wat mettertyd ander oortref. Hulle rekords sal toon dat hulle bestendig was in hul strewe en vasberadenheid om voort te gaan, nieteenstaande al die terugslae.

Hierdie voortreflike jong Suid-Afrikaners se bydrae tot die land en die gemeenskap waarin hulle lewe sal die ander belangrike faktor wees.

Slegs prestasies wat by die bestendige vooruitgang van die gemeenskap inpas kan waarlik as uitstaande beskou word. Grootheid word uitstrewe gebore.

Wyle Herman Wald, wat die toekenning ontwerp het, het die gees van hierdie strewe na verbetering mooi vasgelê. Hy het sy werk soos volg beskryf:

"Die deureengevlegte figure van 'n man en 'n vrou wat opwaarts reik, in 'n strewe na groter prestasie."

Ook in die toekenning omvat is die laaste reël van Jaycee se Credo:

"DAT DIE GROOTSTE SKAT OP AARDE DIE MENSLIKE PERSOONLIKHEID IS"

SPONSORED BY/GEBORG DEUR

The logo for TonyFactor, featuring the brand name in a stylized, italicized font with a registered trademark symbol.